VOORSITTERSVERSLAG
ALGEMENE JAARVERGADERING
SEPTEMBER 2008

INLEIDING

Dis ‘n voorreg om hierdie verslag aan te kan voorlê. Dankie vir die geleentheid om in die afgelope jaar ‘n inset te kon lewer ten opsigte van die brandbestuursvereniging.

STAND VAN DIE VERENIGING:

Die Brandbestuursvereniging het sedert Julie 2008 met 29 304ha gegroei, oftewel 24 nuwe lede wat aangesluit het. Dit is hoofsaaklik met die konsolidering van die Goedverwag - Zuurfontein area, asook Aurora en die Velddrif Bestuurseenhede. Die totale grootte is nou 314 233 hektaar, met 238 lede waarvan so 8 nie grondeienaars is nie.

PRIORITEITE VIR GCBBV (OKTOBER 2007 – SEPTEMBER 2008)

Tydens die jaarvergadering in 2007 is die volgende prioriteite geïdentifiseer**.**

- BBV moet sy pligte onder die wet en die pligte soos deur UK bepaal nakom.
- Die GCBBV sukkel tans om werklik operasionele dag tot dag bestuur toepaslik te wil maak, dit is hoofsaaklik weens die tekort aan tyd en hulpbronne om die funksie te verrig.
- Verbeter Data-bestuur en vaslegging.
- Inkoop en deelname deur ALLE rolspelers (ESKOM, Paaie, onaktiewe bestuurseenhede).
- Opleiding en “fire-drills”
- Risiko-assessering en geïntegreerde Brandbestuursplan.

VORDERING MET DIE IMPLEMTERING HIERVAN

Verskeie aksies is die afgelope jaar geloods ten einde die vereniging in lyn te bring met die vereistes wat wetgewing stel.

- BBV stel Charl du Plessis as projekbestuurder om doelwitte van die GCBBV uit te voer.
- Aankoop van voertuig, versekering en die vrystelling van belasting is vir die GCBBV verkry.
- Opstel van ‘n Herstel en Jaarplan vir die GCBBV wat deur UK goedgekeur word.
- Databasis word nou maandeliks opgedateer met lede inligting, finansiële state word gekry en debiteure gereeld geskakel.
- Kommunikasie strategie, hersien aansoekvorms, aksieplanne meer verkorte weergawe, sertifikaat van aansluiting, kort breedvoerige dokument oor beleid, kontaknommers en doelwitte van Vereniging sodra lede aansluit, e-pos databasis opgestel en info vloei na lede op meer gereelde basis.
- Organiseer gemeenskappe soos Goedverwacht, Algeria, Elandskloof en Wupperthal. Meer aandag sal hieraan gegee moet word.
- Hersien aksieplanne vir Winterhoek, Bo-Piketberg, Cederberg en Goedverwacht.
- Briewe is geskryf aan die onderskeie plaaslike munisipaliteite ten einde hulle in te lig van hul verantwoordelikhede onder die bestaande Brandwet.
- Brandweerstasies opgerig by Piketberg en Clanwilliam wat reaksie tyd aansienlik sal verkort.
- Verskeie vergaderings het plaasgevind met die CapeWinelands Brandweerhoof, DWAF, Rampbestuur, WoF, Bestuurder van Ramp en Brandbestuur van die Weskus.

- Baie tyd word gespandeer ten einde befondsing te probeer kry vir die aanstelling van ‘n toegewyde Brandbestrydingsbeampte.

ASPEKTE WAT MEER AANDAG BENODIG

Reeds geruime tyd sonder Brandweerhoof in die Weskus DM wat koördinering en opleiding bemoeilik.

Die aansoek vir befondsing van DWAF is afgekeur en strategie moet in werking gestel word om befondsing vir 2008/ 2009 te verseker. Reeds daarmee begin en moet deurlopende proses wees.

Brandgevaarindeks-waarskuwing word op ‘n gereelde basis uitgestuur na lede, ten einde te verhoed dat mense onwetend op rooi of oranje dae vure maak.

Kennisgewingborde se noodnommers moet verander word.

Opstel van verantwoordelike, weldeurdagte brand bestuurstrategie vir al die BE sodat vrystelling vir maak van bane verkry kan word.

Deurlopende organisering van nuwe lede in bestuurseenhede, die opstel en verspreiding van brandbestuursplanne waar nodig, die organisering van risiko-bepalingsessies ten einde brandbaan koördinering te mag doen.

Samewerking en koördinering met brandweerhoofde en ander rolspelers te verseker en te verbeter.

BEDANKINGS

Aan die Weskus Distriksmunisipaliteit, ons dank vir u volgehoue ondersteuning. Dit is goeie nuus om te sien dat u brandbestryding in die Weskus as ‘n prioriteit hanteer, en infrastruktuur in plek sit in die streek. I specifically would like to thank Mnr. Sive Mabula for his enthusiastic support and guidance, specifically regarding our interactions with B municipalities.

Mnr Hein Munnik, Provinsiale Brandweerhoof, het uit sy pad gegaan om ons te ondersteun met opleiding en insette by die risiko-analise-werkswinkel. Dankie hiervoor.

Allistair Fortuin moes vanjaar aan die diep kant inspring, en het met bitter min leiding die administrasie van die BBV onder sy vlerk geneem, en die databasis van lede en hul hulpbronne opdateer en bygehou.

Ons grootste lid, Cape Nature, dra die swaarste aan ons vereniging se fooie. Desondanks het u in die afgelope jaar weer eens besonder baie bygedra in terme van mannekrag en kapasiteit, en ons wil u spesifiek bedank vir die ondersteuning van Charl du Plessis

Dit was ‘n voorreg om te saamwerk met ‘n Uitvoerende Komitee waarvan al die lede besonder gewillig was om van hul reeds besige tyd af te staan vir wat basies ‘n vrywilligers-diens is. Sonder toewyding en insette sou ons hierdie jaar ernstig kleigetrap het.

Aan al ons lede, dankie vir u ondersteuning en samewerking. Die Brandbestrydingsvereniging se bestaansreg hang af van die mate waarin ons almal regkry om deur gekoördineerde samewerking regkry om beter as een-een, die vereistes van die Brandwet na te kom, en in die proses minder krisisse te hanteer.

Martli Slabber
Voorsitter
Oktober 2007